Bindinge, salwinge, vryheid en heilsaamheid.

Kol. 2:6-23; 1 Kor. 8:1-13 & 10:23-33; 1 Joh. 5:18-21

Inleiding

Die nuwe huis waar jy intrek, moet eers gesalf word, anders gaan julle nie gelukkig kan bly nie, en die Here buite bly as jy instap.

Afrika beeldjies en maskers moet verbrand word... die demone kan jou daardeur sien. Tuindwergies en feetjie-beddegoed moet verbrand word want dit is hoekom jou kind nie goed slaap nie en julle baklei.

Twilight flieks, Klere met prentjies, Nike skoene, natuurlik ook Harry Potter en moenie Liewe Heksie vergeet nie.

Kan hierdie goeters, of goeters in die goeters, iets aan ons doen?

'n DVD wat al so paar jaar die rondte doen het 'n opinie hieroor. Die titel sê alles: "Maak jou huis skoon". Die bekendstelling van die DVD op hulle website is:

"Daar is heelwat argumente en verskille onder Christene rondom hierdie kontroversiële onderwerp. Kan ons sogenaamde "kontakvoorwerpe" in ons huise hê wat skuilplek bied aan satan se bose geeste? Vanuit sy ondervindings in mense se huise dwarsoor die land, en mense se getuienisse rondom dit, poog die spreker om aan die kyker uit te wys dat dit wel moontlik is om sulke kontakvoorwerpe in ons huise te bring. Hy wys ook op die bindinge wat sulke voorwerpe op ons of ons kinders se lewens kan plaas. Kyk gerus hoe dit gebeur dat 'n bose gees lêplek kry in so 'n fisiese voorwerp in ons huise, watter tipes kontakvoorwerpe daar kan wees, en ook hoe om van dit ontslae te raak. Sien verder ook wat die Bybel sê oor hierdie tipe kontakvoorwerpe en hoe ons daarmee moet handel."

Ek wil graag wyer praat as net die DVD en verseker gaan die Bybel ons antwoorde gee, veral Jesus... God se laaste Antwoord op al ons vrae.

Christus se oorwinning is 100%

Die eerste vraag wat meeste mense oor hierdie tipe dinge laat kriewel is: "

Maar is dit wat Jesus reggekry het en Sy band met my dan nie genoeg nie? Hang groter volheid van my lewe as sy kind af van dinge waaraan ek vat of nie vat nie, of salf of nie salf nie?"

'n Gemeente waarvan ek weet het presies hierdie moeilikheid gehad. Mense het gekom en gesê: "Ja,... Jesus... maar kyk, om regte volheid en beskerming te hê moet jy nog allerhande dinge doen/nie doen nie." Hulle naam: Kolossense.

Paulus verduidelik toe mooi in Kol 2v6-23 dat Christene net gepla moet wees oor een 'binding' ...en dis ons band met Jesus! Om op Jesus te bou en uit Hom te lewe omdat Hy alles gedoen het wat nodig is. As ons hierdie deel lees hoor ons elke keer hoe ons band met Jesus ons 100% volmaak met wat ons nodig het, en 100% breek wat nodig is.

Kolossense 2:6-23

6Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in ver**bond**enheid **met Hom lewe, 7in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.**

8Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. 9*In Hom is die volle wese van God beliggaam,* 10en **in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid**. Hy is die hoof oor elke mag en gesag. 11Deur julle **verbondenheid met Hom is julle ook besny**, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in **die wegneem van die sondige natuur van die mens**. 12Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur **julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek**, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. 13Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het. 14Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem. **15Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.**

en nou die praktiese hiervan:

16Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. 17Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou

kom; die werklikheid is Christus. [18]Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, **[19]en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei.**
[20]Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? **Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte [21]soos: "Hieraan mag jy nie vat nie!" "Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!" "Daaraan mag jy nie raak nie!"?[22]Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. [23]Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.**

Dit lyk reg ...maar dit help 'sweet blou niks' om jou binnekant skoon te maak en jou lus vir sonde, wat soos 'n wilde dier rondspring, in te hou nie! NET JESUS! En ons kry alles wat Hy het om te gee deur sy Gees te vertrou... nie deur 'mumbo jumbo' nie.

Dis eintlik nie baie ingewikkeld nie: Ons is gebind aan Jesus. Hy is baas oor enige mag. Deur jou band met Hom deel jy in sy volheid [v10]! Deur jou band met Hom is die krag van jou sondige natuur gebreek [v11]! Deur jou band met Hom lewe jy [v12]!

Die punt: Jesus het die duiwels 'gesmeer' en Hy het jou vir sy span gekies.. Daar is nie 'n manier dat daar enige bindinge sterker as Jesus se greep op jou lewe kan wees nie [vgl. Rom8:37-39]. In Christus, wat letterlik 'gesalfde' beteken het jy 'n nuwe naam, Christen – klaar gesalf. Sy kinders is 100% in Hom gesalf, jy hoef nie karre en huise of jou gesin met sonneblom olie te besmeer vir beskerming nie.

Die absurde leuen van die hele ding is dat jy jou band met God van jou kant af moet versterk deur aan sekere dinge nie te vat nie, dit nie in jou huis te hê nie en nie te eet nie! Dis net so laf as om te sê jy kan jou band met God versterk deur wel net aan sekere dinge te vat, in jou huis te hê of te eet.
... **maar**, sê v19 duidelik, 'groei' kom net uit Christus.

So, ...die konflik in jou huis is nie vanweë 'n Batman gordyn of 'n vaas uit China nie... dis vanweë jou eie sonde en gebrek aan vertroue in Jesus

Christus se Gees wat in jou lewe! Die oplossing is waarmee Paulus in vers 6 begin het:

6Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, 7in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.

Hou aan ***Hom*** vas deur die geloofsvertroue wat jy geleer het en wees dankbaar!

Vryheid, Heilsaamheid en opbouing

So,... ons ***is*** vry! ....**MAAR!**

Op grond hiervan .... is daar gelowiges wat sê: nou kan ek maar enige ding doen, lees en met enige goed deurmekaar raak. Dit is mos alles net 'mumbo jumbo'.

'n Ander gemeente wat ek ken het so gedink: Korinte. Die afgodstempels van Korinte was aan die voorkant godsdienstempel waar vleis geoffer is vir afgode, maar as jy agter omstap 'n "Spur" waar enige ou kon instap vir 'n 'mansize' T-bone.

Die sterk gelowiges wat tereg besef het hoe wonderlik vry hulle in Jesus is, het geen probleem gehad om daar te gaan eet nie - om vleis direk geoffer aan 'n demoon [1kor10:20] in hulle lywe in te sluk nie! [never mind 'n prentjie in die huis te hê nie!]

En dit is waar Paulus nou inkom en met hulle praat in 1 Kor. 10:23-33...

23Daar is mense wat sê:
"Alles is geoorloof."
Ja, maar nie alles is heilsaam nie.
"Alles is geoorloof," sê hulle.
Ja, maar alles is nie opbouend nie.
24'n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander.
25Alles wat in 'n slaghuis verkoop word, kan julle eet sonder om ter wille van die gewete navraag te doen, 26"want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here."
27As 'n ongelowige julle uitnooi en julle besluit om te gaan, kan julle alles eet wat vir julle voorgesit word, sonder om ter wille van die gewete navraag te doen. 28Maar as iemand vir julle sê: "Die vleis is 'n afgodsoffer," moet dit dan

nie eet nie, ter wille van hom wat dit gesê het en ter wille van die gewete. [29]Ek bedoel nou nie jou eie gewete nie, maar dié van die ander man.
"Waarom," sou jy vra, "moet my vryheid beperk word deur 'n ander man se gewete? [30]As ek iets met danksegging geniet, waarom word daar van my kwaad gepraat oor iets waarvoor ek God dank?"
[31]Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. [32]Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie. [33]Maak soos ek: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word.

Paulus sê: Ja, jy kan vleis vir 'n demoon selfs in jou keel laat afgaan... maar daardie einste vryheid kan vir iemand wat nog nie lekker verstaan nie, meer sleg doen as goed. Jou 'vryheid' is nie noodwendig 'opbouend' of 'heilsaam' vir ander nie. En as dit mense meer deurmekaar maak oor jou geloof en waaruit Christenskap bestaan, ...moet dan eerder nie, omdat jy mos bedoel is om lief te wees vir jou naaste.

Want die verskil tussen die koninkryk van die lig en die donker kan vaag gemaak word [vertroebel word] vir jou soekende vriende, jou kinders en jou familie deur wat jy as God se kind aantrek, lees en in jou huis het.

Kom ons wees prakties: Jou ZCC huishulp kan dink jy het net so vermengde Christenskap as sy wanneer jy mooi Afrika maskers het wat vir hulle meer beteken as net iets wat mooi is. Die T-hemp wat jy dra is dalk snaaks of cool... maar in 'n wêreld waar jou vriende dalk nog rigting soek moet jy vra: "Is dit heilsaam? Is dit opbouend?" Jou kinders geniet dalk Pokémon en Dragonball Z, maar vorm dit nou al hulle denke oor lig en donker?

Wat van jou optrede maak die pad na Jesus vol blokkasies of wat maak dit so maklik as moontlik vir ander?... gee nie om hoe vry jy weet jy is nie!

Kennis vs liefde

Hoekom? Want ons kan nie maar net lekker vry lewe met wat ons weet, maar ander nie in liefde by daardie einste vryheid wil uitbring nie...

Pauls praat in 1 Kor. 8, net 2 hoofstukke vroeër, in hierdie einste verband oor hoe kennis en liefde mekaar beïnvloed:

8 En nou julle vraag oor vleis wat aan 'n afgod geoffer is.

Ons weet dat ons almal kennis het. Kennis maak verwaand, maar liefde bou op. 2As iemand meen hy het kennis van iets, het hy nog nie die kennis wat 'n mens behoort te hê nie. 3Maar as iemand God liefhet, ken God hom.
4Wat nou betref die eet van vleis wat aan 'n afgod geoffer is: ons **weet** dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een. 5En al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat "God" en baie wat "Here" genoem word, 6is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.
7Maar nie almal het hierdie kennis nie. Daar is party van julle wat so gewoond is aan afgode dat hulle nog altyd vleis eet asof dit 'n offer aan 'n afgod is. Daardeur word hulle gewete, wat reeds swak is, verder beswaar**. 8Wat ons eet, bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons niks nie.** 9Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie vir dié wat swak is, 'n aanleiding tot sonde word nie. **10As jy wat hierdie kennis het, in 'n afgodstempel gaan eet en iemand met 'n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig om die vleis <u>as afgodsoffer te eet nie</u>?**
11Dan gaan die swakke **verlore** deur hierdie kennis van jou, en dit 'n broer vir wie Christus gesterf het. 12Deur so teen die broers te sondig en 'n las op hulle swak gewetens te lê, sondig julle teen Christus. 13Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat **struikel**, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se **val** veroorsaak nie.

Jy *weet* dalk van jou vryheid. Jy het die *kennis*. Maar as jy nie uit liefde vir ander jou eie vryheid beter bestuur nie, **weet jy duidelik nog nie genoeg van Jesus se liefde nie! Dan moet jy weer dink of jy regtig so baie weet van God se koninkryk!**

En die 'clincher' wat ons sonder verskonings laat is vers 8: "*8Wat ons eet, bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons niks nie.*" Hy bedoel hiermee... as jy dan reken dat wat jy eet, dra, lees of besit nie vir jou geestelike lewe saak maak nie... dan maak dit nie saak nie! Dan kan jy gerus konsekwent wees en dit los. En as jy dit nie wil los ter wille van ander nie, is dit eintlik net liefde vir jouself!

Voltooi die sirkel

Maar wat mense weer hierteen sê is: "Ek kan mos nou nie skynheilig wees nie. Ek kan op hierdie manier weer juis die indruk skep dat Jesus nie sterk genoeg is nie en dat al hierdie ander dinge nodig is vir 'n regte geestelike lewe. Anders eindig ons mos weer by: "Raak nie, eet nie, vat nie."

Wel, ... dis dan die ideale geleentheid om te verduidelik dat jy nie sekere dinge vermy omdat dit nodig is voordat Jesus jou liefhet of kan beskerm nie, jy doen dit juis sodat mense nie hoef te wonder oor jou lojaliteite nie en net Jesus sal kan raaksien as die enigste een wat 100% genoeg is vir jou.

Slot

Jesus se bevryding en krag en band met jou is 110% volmaak. Daar is nie 'n ding soos "eet nie, raak nie, besit nie" anders beleef jy nie sy volheid nie en kry die bose jou beet nie.

Wat daar wel is, is juis sy liefde vir jou waarmee Hy jou roep om ander ook soontoe te begelei en die pad vir hulle so maklik moontlik te maak sodat hulle Jesus se 110% kan raaksien!

Ek sluit af met **1 Joh. 5:18-21**

18 Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die
Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie.
19 Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die
mag van die duiwel is. 20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en
ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God,
in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe. 21 Liewe
kinders, bly dus weg van die afgode af.

Amen

Griffel van Wyk
Brooklyn
1 Aug. 2010

As hierdie jou geprikkel het en jy het nog vrae... kom na Winterkamp 6-8 Aug. 2010 [soek op facebook].